menlo-insig

25/2024

5 September 2024

## LIEWE MENLO

Op die oog af lyk skole almal min of meer dieselfde. Daar is klaskamers wat op mekaar gestapel is, sportvelde wat soos legkaartstukke op die terrein inpas, 'n plek waar leerders soggens inskuif om die dag te open en 'n skoolsaal wat uit sy nate bars. Die Menlo-bodem is 'n bloudruk vir skole – klokke lui, voete skuifel, penne word uitgehaal en boeke word oopgemaak. Van Springbok tot Standerton, van Pietermaritzburg tot Pretoria lyk die skoollewe omtrent eenders.

Trek jy jou mikroskoop egter nader, sien jy dat daardie einste Menlo-klaskamers, -sportvelde, -amfi en -skoolsaal 'n kaleidoskoop van talent, toewyding en ywer huisves. Onder die grys dakke krioel daar 'n kolonie van leergieriges. Die sportvelde word 'n springmat waar toekomsdrome vlerke kry. Dit is hier waar die saadjie om vir die skool uit te draf in graad 8-harte ontkiem. Met die eerste oogopslag is die amfi 'n blok beton – onder die mikroskoop is dit 'n platform vir samesyn; 'n plek waar die Menlo-karakter veilig uitgeleef word. Die skoolsaal word 'n smeltkroes van kleur en klank – op die planke word die visie vir die koor, revue- en toneelgroep 'n werklikheid. Onder die vergrootglas sien jy hoe die note op die notebalk dans en hoor jy hoe die vuur in Menlo-harte brand. Draaiboeke kry lewe, danspassies word verhale en bladmusiek verskaf die ritme vir die Menlo-lewe.

Onder die mikroskoop word die lewe op Menlo-bodem ontbloot en skielik is dit duidelik: Die Menlo-bodem is 'n bloudruk vir visie en vooruitgang. Op die oog lyk skole almal min of meer dieselfde.

Wat sien jy as jy na Menlo kyk?

*Insig 25 reflekteer oor die hoogtepunte van die week – die graad 10-bal, die matrieks se laaste kooroptrede en fietsrybyeenkoms, welslae aan die kultuurfront en op die rugbyveld. Ons wens ook die atlete en netbalspelers sterkte vir landloop se SA's en netbal se Fast5-Tshwane uitspele toe.*

Die belangrikste vraag vandeesweek is egter die volgende:

**Is jy gereed vir die Menlo-fees?**



# DAGBOEK

**6/9**

Rugby: Blou Bulle Sewestoernooi

**7/9**

**Menlofees & Menlovaria**
Landloop: SA Kampioenskap (Vaaldriehoekkampus)

**10/9**

Atletiek: Blitzbyeenkoms (tuis)

**11/9**

Tennis: o. 15-toernooi (AHMP) – 14/9

MENLO MA'S WAT OMGEE

Ouers word aan die gebedsbyeenkoms wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner. Stuur navrae en gebedsversoeke gerus na 082 579 4968.

**Lukas 1:78-79 (Die Boodskap)**
"God is so ongelooflik goed vir ons. Binnekort sal sy genade soos die son oor ons donker wêreld begin skyn. Hy sal lig maak vir almal wat in die donker leef, ook vir hulle wat in die donker kloue van die doderyk vasgevang is. God sal ons weer op die pad van vrede laat stap."

**Kaartjies is nou beskikbaar!**



# AKADEMIE

## Graad 10's been-af op akademie

Loer gerus na die interessante werk wat die graad 10's tans in die FW- en LW-klas behandel. In FW is die verhittingskurwe van water ondersoek en in LW is kompakte beenweefsel, sponsbeen, kraakbeen, rooimurg, geelmurg, tendons en ligamente van langbene van naderby bekyk. Die Insig is van mening dat die graad 10's na dese gereed is om hulle staal as forensiese wetenskaplikes in CSI te wys. #MenloAkademieKook









# DEBAT

## Menlo-debatteerders maak hul standpunt

Menlo se debatspanne beleef 'n droomseisoen met vier junior en twee senior spanne wat na die nasionale ronde van die Con Spirito-kompetisie deurgedring het.

Die spoeg (en sweet) het egter in die semifinale ronde gespat en die Insig wens die spanne wat as wenners van hulle onderskeie debatte uit die stryd getree het, geluk:

**Juniors**
Zani Dicks en Heinz Kunzmann, Christiaan de Jager en Charlotte Janse van Rensburg, Lara Moolman en Clarisé van Niekerk, Luané Erasmus en Kayden Venter, Rynhardt Buys en Liané van Sittert, Milan Visser en Liané de Wet, Erich Pieterse en Stehan Serfontein, Selie de Villiers en Zelia Küsel.

**Seniors**
Cristopher Niemann en Katelynn Blokpoel, David Kunzmann en Andries Beyers, Megan Johnson en Lani Briel, Nina Dicks en Georgina Lunn, Clara Serfontein en Daniëlle van Deventer.

Die spanne wat die skool by die nasionale finaal in Kaapstad sal verteenwoordig, is:

Lara en Clarisé, Luané en Kayden, Milan en Liané, Erich en Stehan, David en Andries en Clara en Daniëlle. Hartlik geluk aan die debatteerders, afrigters en organiseerder, me. Tanya Matthysen. Hulle harde werk is met uitstekende resultate beloon.



























# KOOR

## Koor groet 2024 met laaste konsert

Na etlike jare op die koorbanke is die einde van die matrieks se koorloopbane verlede week met 'n afsluitingskonsert by die pragtige UP-kapel gevier. Die koor kon vir oulaas wys waarom hulle die titel van die beste gemengde koor in die land verdien, terwyl daar met swaar harte van die graad 12-steunpilare afskeid geneem is. Hierdie tradisie – waar die koor die uittredende koorlede met die lied, Seënbede, groet – is meer as twintig jaar oud en gryp steeds die verbeelding aan.

Baie geluk aan die graad 12's wat toekennings vir hulle bydraes tot die koor ontvang het:

| | |
|---|---|
| **Koorpersoonlikheid van die jaar** | Altus Malan |
| **Besigste koorlid** | Viljee Smit |
| **Koorlid wat altyd 'n glimlag op die verhoog het** | Amy-Lee Eysele |
| **Klaasvakie van die koorjaar** | Tivann Bezuidenhout |
| **Sersantmajoortoekenning** | Lourens Grobler |
| **Sopraan van die jaar** | Rea Gololo |
| **Alt van die jaar** | Lelize van der Walt |
| **Tenoor van die jaar** | Jordan Naidoo |
| **Bas van die jaar** | Ruben van Biljon |
| **Koorlid van die jaar (dogter)** | Anje van Papendorp |
| **Koorlid van die jaar (seun)** | Christiaan Moodie |

Baie dankie aan die uittredende koorkomitee:

Arno Clerck, Mia de Jager, Lelize van der Walt, Rudolph Jordaan, Carli Dicks, Lourens Grobler, Elrisha Ras, Viljee Smit, Anje van Papendorp en Ruben van Biljon.





# ALGEMEEN

## Vanwykshout kry staanplek op Menlo-bodem

Alhoewel elke Parkie trots op sy/haar blou wortels is, steek ons graag ons groen vingers uit om nasionale boomplantdag te vier. Bome is 'n simbool van die Parkie-karakter, want nes bome streef die Parkies die hoogste na terwyl hulle wortels stewig in moederaarde geanker is.

Die bome wat ons vanjaar aan ons inheemse wortels en groeipotensiaal herinner, is die vanwykshout en die bergkaree. Die vanwykshout is 'n statige plant wat tot 18 m rank. In die lente verras dit ons met bloupers blomme – net die regte doepa om die laaste wintervaal te verdryf. Die bergkaree is 'n kleiner ekstrovert wat die geselskap van voëls geniet en hulle met sy bessies lok.

Die Insig bedank graag die Parkieraad se omgee- en omgewingskomitee onder voorsitterskap van Isabeau van Helsdingen en Juvan Botha vir hulle inisiatief met hierdie projek.
#MenloGaanGroen

# GEES





## Menlo-sterre voorspel...

Die graad 10's het hulle sterre verlede naweek behoorlik by die graad 10-bal laat skyn. Skitterend. Helder. Glansryk. In 'n kwessie van 24 uur is die Menlo-bodem in 'n sprokie vir die gr. 10-bal omtower. Die towenaars (ook bekend as graad 10-ouers) het saamgespan om Menlo van statig na skitterend te transformeer sodat die graad 10's die aand in styl kon geniet. Skoolrokke het plek vir skemerkelktabberds gemaak, skoolhemde is vir swierige pakke verruil en van die graad 8's en 9's het hulle skooltasse met skinkborde vervang.

Baie dankie aan elke ouer wat tot die sukses van hierdie gesellige geleentheid bygedra het – van liggies hang en meubels skuif tot koeldrank skink, hekdiens doen en opruim – én aan me. Fransie Roberts, mnr. Hanno Roux en die graad 10-voogde vir hulle betrokkenheid.

Tien uit tien is die enigste manier om die bal en die graad 10's se optrede te beskryf: joviaal, ongelooflik, lewenslustig, indrukwekkend en gesellig.

Te oordeel aan die heerlike happies, pragtige uitrustings en die grootte van die graad 10's se glimlagte het die graadneges van 2024 baie om in 2025 na uit te sien!





# DRAMA EN REVUE

## Maskerfees skop af

Die Menlo-maskerfees was vandeesweek 'n aptytwekker vir die viering van kuns en kultuur wat gedurende die volgende paar weke op Menlo-bodem afspeel.

Die gehoor het hulle in die genotvolle produksies, *Bult FM* en *Katastrofe* verkneukel en 'n traan saam met die karakters van *Eendag as ek groot is*, weggepink. Die een hoogtepunt is met die volgende opgevolg waarna die revuegroep hulle jaar op die planke afgesluit het. Volg gerus die **skakel** om 'n kitskyk in die enjinkamer vandie revue te verkry.

Baie dankie aan Menlo se dramadepartement onder leiding van mee. Roché van Blerk en Elana Heyns asook die akteurs, klank- en beligtingspesialiste. Mnr. Andrew Mc Geer en sy bekwame span verdien 'n pluimpie vir die sukses van die afgelope revueseisoen.

Menlovaria en die wennerskonsert lê nou voor en die Insig sien saam met die Parkies na hierdie feestelike kultuurgeleenthede uit.








# RUGBY





## Menlo se ratsrugbyspanne maak skoonskip

Met elf oortuigende oorwinnings op hulle kerfstok by die afgelope sewestoernooi het Menlo se spanne die opponente met 'n belangrike vraag gelaat: Weet julle wat ons weet?

Die ratsrugbyseisoen is vinniger verby as wat jy *sewes* kan sê en die Insig wens die spanne graag sterkte vir die volgende toernooi wat eerskomende naweek plaasvind, toe. Hier volg die tellings van die Eldoraigne-toernooi:

**O. 15: Wenners**

1. Menlo vs. FH Odendaal 54 - 0
2. Menlo vs. Montana 19 - 14
3. Menlo vs. Eldoraigne B 69 - 0
4. Menlo vs. Noordheuwel 24 - 0
5. Menlo vs. PBHS 29 - 21
6. Menlo vs. Montana 24 - 12

**O. 17: Naaswenners**

1. Menlo vs. Die Wilgers 35 - 12
2. Menlo vs. FH Odendaal 50 - 0
3. Menlo vs. Overkruin 26 - 5
4. Menlo vs. PBHS 22 - 5
5. Menlo vs. Die Wilgers 54 - 0
6. Menlo vs. Zwartkop 12-26

# FIETSRY

## Menlo-matrieks laat die wiele vir oulaas rol

Asof die baan by Prime View nie uitdagend genoeg was nie en die kompetisie nie straf genoeg nie, het Moeder Natuur haar stywer in die armbeurs gegooi en die fietsryers met ysige weer by die laaste byeenkoms verras. Die Parkies het hulle nie hierdeur laat afskrik nie en hulle posisie as voorlopers in die MTB-reeks verstewig.

Knap gedaan met 'n puik seisoen! Hier volg die uitslae:

**Dogters**

| | |
|---|---|
| Subjuniors | Melinda Erasmus (14). |
| Youth 15 Girls | Katrijn Botha (6); Zelia Küsel (10). |
| Youth 16 Women | Isabella Strydom (12); Caitlin Read (13). |
| Junior 18 Women | Marle van Wyk (18). |

**Seuns**

| | |
|---|---|
| Subjuniors (2) | Mishael Martens (5); Bernard Böhmer (7). |
| Youth 15 Men (1) | Jaco Aldum (2); Gustav van der Werff (15). |
| Youth 15 Men (2) | Ryan Matthee (11); Ehardt Koekemoer (12). |
| Junior 17 Men | Stephan Aldum (3). |
| Junior 18 Men | Ruben van Biljon (12). |







KRIEKET

# Menlo-krieketrapport toon A+-gemiddeld








Welgedaan aan Menlo se krieketspelers wat week na week puik prestasies lewer. Loer gerus na die boulsyfers van Alex Kruger, Corrie Botha, Jeremai Nel en Pierré de Villiers. Baie geluk aan Lothar Dedekind, Xander Roets, Jan-Willem Pienaar, Matt van der Westhuizen en Niël van Zyl met indrukwekkende kolfvertonings.

**Menlopark o. 14B teen Centurion o. 14B**
Menlo 197/4 (Lothar Dedekind 77, Wihan Rheeder 49*)
Centurion 114/8 (Alex Kruger 2/2)
Menlo wen met 83 lopies.

**Menlopark o. 14C teen Midstream o. 14B**
Midstream 187/5 (Nicky van der Westhuizen 1/18)
Menlo 108/7 (Nicky van der Westhuizen 23)
Midstream wen met 79 lopies.

**Menlopark 6de XI teen Garsfontein 6de XI**
Menlo 199 almal uit (Xander Roets 81, Leskin Samuels 44)
Garsfontein 149 almal uit
Menlo wen met 50 lopies.

**Menlopark o. 15A teen Prestige College o. 15A**
Prestige 89 almal uit (Corrie Botha 5/17)
Menlo 90/2 (Jan-Willem Pienaar 67*)
Menlo wen met 8 paaltjies.

**Menlopark o. 15B teen Centurion o. 15B**
Menlo 137/6 (Zander Serfontein 47, Thinus Smit 49)
Centurion 103 almal uit (Jeremai Nel 4/11)
Menlo wen met 34 lopies.

**Menlopark o. 15C teen Affies o. 15C**
Menlo 126 almal uit (Ronen Taljaard 42)
Affies 127/2
Affies wen met 8 paaltjies.

**Menlopark 1ste XI teen Prestige College 1ste XI**
Menlo 262 almal uit (Matt van der Westhuizen 85, Dian van Zyl 37)
Prestige 163 almal uit (Pierré de Villiers 4/20)
Menlo wen met 99 lopies.

**Menlopark 3de XI teen Montana 2de XI**
Montana 247/5 (Ben Schomper 2/58)
Menlo 233/6 (Niël van Zyl 84*, Thomas de Wit 45)
Montana wen met 14 lopies.

# MUURBAL



## MMA smee vriendskaps-bande

Die kompetisiegees op die muurbalbaan word so nou en dan opsy geskuif om ondervinding op te doen en vriendskapsbande te smee. Die MMA-spelers het verlede week besoek van Pretoria Boys High ontvang om hulle spel en vaardighede op 'n gemoedelike wyse te slyp en om te verseker dat Menlo slaggereed sal wees wanneer hulle die liga in 2025 aandurf.

Doen so voort!

# GHOLF

## Menlo-ysters behaal setperksukses

Die gholfligas staan einde se kant toe en Menlo se gholf-akademie het rede om breëbors te loop.

A-liga: Menlo 1 dring na die finaal deur.

B-liga: Menlo 3 dring na die semifinaal deur.

C-liga: Menlo 7 dring na die finaal deur.

Baie geluk aan die spelers en afrigters. Die Insig wens die spanne alles van die beste vir die oorblywende wedstryde toe.





# SPOG

## Parkie presteer by GN-stoeikampioenskap

Christopher Potkin is 'n Parkie wat hom nie maklik laat onderkry nie.

Die talentvolle stoeier het onlangs aan die Gauteng-Noord-Stoeikampioenskap deelgeneem waar hy vir die SA kampioenskap gekwalifiseer het en twee silwer medaljes verower het. Welgedaan!

Die Insig sien daarna uit om oor Christopher se wedervaringe by die SA's te berig.

Alles van die beste!

# MENLOFEES

# 7 SEPTEMBER 2024

## Die ABC van die F-E-E-S!

DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS

## Menlofeeskaartjies

- Toegangsfooi: R200
- Kunstenaars: Almero, Rooksein, Zaan Sonnekus & Bok van Blerk
- Mandjiedans (ouers)
- Sokkie (leerders)
- Gr. 11-modeparade
- Rugby op die GROOTskerm: Springbokke vs. Nieu-Seeland
- Ysskaatsbaan
- Stalletjies
- Gratis toegang vir kinders onder vyf jaar

## Boerpotkaartjies

- Boerpotkaartjies: R100
- Trekking: 7 September 2024 om 19:00 by die Menlofees.
- Boerpotkaartjies is onafhanklik van Menlofeeskaartjies – jy kan 'n boerpotkaartjie koop sonder om 'n Menlofeeskaartjie te koop!



## Rugby op die GROOTskerm

- Springbokke vs. Nieu-Seeland
- Bring jou hele span en geniet die rugby in 'n feestelike atmosfeer.



## Mandjiedans

- Ouers, pak julle dansskoene, kampstoel en koelboks in en geniet 'n nuwerwetse mandjiedans op Menlo-bodem.
- Sondebelasting van R150 per koelboks word gehef.



## Program

| | |
|---|---|
| 14:00 – 15:00 | Battle of the bands |
| 15:00 – 17:00 | Modeparade |
| 17:00 – 19:00 | RUGBY: Springbokke vs. Nieu-Seeland |
| 19:00 | Almero |
| 20:00 | Rooksein |
| 21:00 | Zaan Sonnekus |
| 22:00 | Bok van Blerk |
| | Sokkie en Mandjiedans |



## Waar koop ek kaartjies?

- Kaartjies is by iTickets beskikbaar.
- Daar is drie verskillende kaartjies beskikbaar:
  - Menlofeeskaartjies: R200 p.p.
  - Boerpotkaartjies: R100 per lootjie.
  - Sondebelasting vir koelbokse: R150 per koelboks.

iTICKETS
EXPERIENCES START HERE

DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS



# Menlovaria

**Sluitingsdatum vir inskrywings is 30 Augustus (behalwe Koeke, Harevleg en Potte).**
**R20 per inskrywing per persoon per aktiweit. Betaal by E103(me. Lubbe)6:45-7:00, pouse en na skool tot 15:00 (tot 6 September).**

| Aktiwiteit | Navrae | Belangrike Datums -deelname |
|---|---|---|
| **Dans** | me. E Heyns (BT1) | Woensdag, 4 September, Saal, 15:00 |
| **Ligte musiek: vokaal en instrumentaal** | me. J van Papendorp (Musieklokaal) | Maandag, 2 September, Ouditorium, 14:30 tot klaar |
| **Klassieke musiek: sang en instrumentaal** | me. C Maré (Musieklokaal/B102) | Donderdag, 5 September, Musieklokaal, 14:30 |
| **Bands** | mnr. L de Jager (Musieksentrum) | Vrydag, 30 Augustus, Amfiteater, 14:00-15:30 |
| **Kunskaperjolle** | me. I van Niekerk (F201) | Vrydag, 6 September, Matriekplein 13:30-17:00 |
| **Potte** | Seniors: me. Kriek (I104)<br>Juniors: mnr. J van Helsdingen(E202) | Vrydag, 6 September, 14:00-17:00, Matriekplein en Menloplein |
| **Koeke** | me.Y Alkema (D102) | Saterdag, 7 September, Rugbyklubhuis, Bring koeke tussen 12:00 en 13:00 |
| **Foto's** | me. M van de Merwe(A103) | Ingeedatum: Vrydag, 30 Augustus |
| **Drama** | me. R van Blerk ( BT1) | Woensdag en Donderdag, 4-5 September, Blou Teater, 14:30-16:00 |
| **Rokkies** | me. Hefer (H11) | Vrydag 6 September<br>13:15-18:00, Musieksentrum<br>en 7 September, 15:00-17:00 |
| **Skryfkuns** | me. M Nel , (A1)<br>3 September- Onbekende tema<br>2 September -Oop tema | Opstel/kortverhaal/gedigte-3 September 14:30-17:00, Kortverhale (Afr/Eng)en gedigte (Eng/Afr/Sotho/Frans/Duits)<br>Ingeedatum 2 Sept, A1 |
| **Duitse Huisies** | me. van der Westhuizen | Saterdag, 7 September, Rugbyklubhuis, Bring huisies tussen 12:00-12:45 |
| **Harevleg** | me. H Smit(I2) | Inskrywings sluit Donderdag, 5 September<br>Blou bankies tussen G- en I- blok,<br>6 September, 14:30 |
| **Sokkiejol** | me. C Barnard( G102) | Saterdag, 7 September, Rugbyveld, voor die verhoog, 22:00 |


Multiply & Vitality
Fitness Assessments
Waar: Body Intellect Mooikloof
Adres: 268 Holding, Atterbury road East
Wanneer: Maandae-Saterdae per bespreking
Tyd: 30-45 min per sessie
Kontak gerus vir Chantel
by 0607360329
Body Intellect
CHANTEL SWART
BIOKINETICSSA
LIFE THROUGH MOVEMENT


JOU BESTE PLAASLIKE
INTERNET VERSKAFFER
Wireless & fibre beskikbaar.
Spoed van 5Mbps tot 10Gbps.
Telefoon tariewe goedkoopste in SA.
★★★★★
Ek wil net 'n oomblik neem om opreg dankie te sê aan WIRUlink vir die uitstekende diens wat gelewer is oor die jare. Dis 'n plesier om saam met WIRUlink te werk en ek sal hulle bly ondersteun in die jare wat voorlê.
Darren
012 111 8300
www.wiru.co.za
wirUlink
wireless · fibre · voice · data
RUSH NETWORK
MetroFibre
Frogfoot
VUMA
openserve


www.pjtsa.co.za
PJT
ORDER ONLINE RIGHT NOW!
SORT BY
FruitKO - 100% Fruit Juice Range 350ml (6pk)
R54.00
Buy Now
FruitKO - Nectar Range 500ml (6pk)
R52.80
Buy Now
FruitKO -Nectar Range 1.5Lt (6pk)
R112.20
Buy Now
FruitKO - 100% Juice range 1Lt (6pk)
R130.20
Buy Now
AQUA KO
STILL NATURAL SPRING WATER
ICE TEA LEMON
SHOP NOW
(011) 396 3690/1
69 Pomona Rd, Pomona. Kempton Park


Flavourlicious Creations
Bespoke cakes and cupcakes for all occasions
• Baked from scratch
• Quality ingredients
• Delicious
• Beautiful
Contact us for a quote:
076 7733262
info@Flavourlicious.co.za
Follow us:
Flavourlicious Creations
Flavourlicious_creations


Northern Clivia Club
Noordelike Clivia Klub
Spring Clivia Show & Sales
7-8 SEPT. 2024
Join us at our annual exhibition showcasing the country's most diverse and exciting Clivia hybrids!
R20 Entry fee for Adults
Sat: 9am - 5pm
Sun: 9am - 3pm
Safari Garden Centre
Lynnwood Road
Pretoria


Vir al jou koop en verkoop behoeftes kontak ons
WIN A R2 MILLION LUXURY APARTMENT
*T's & C's apply
Bertie Lombard
083 501 5511
RAWSON
Properties


NAALDWERK VERSTELLINGS
KONTAK BERTA WHEELER BY:
073 501 8228
EQUESTRIA


Capsicum
CULINARY STUDIO
PASSIONATE ABOUT COOKING?
TURN YOUR PASSION INTO A CULINARY CAREER
CAPSICUMCOOKING.COM
PRETORIA CAMPUS
012 993 0071
134 Aramist Ave,
Waterkloof Glen

# JONG STADSBOER

## Veldskool

Baie pret!!!



*Grade 8-11 Jong Stadsboere*

**DIE GROOTSTE GELEENTHEID OM BEIDE DIE LEWE VAN DIE VEE- EN WILDPLAAS TE ERVAAR! BERCHTESGADEN SE JONG STADSBOER VELDSKOOL BIED DIE JEUG VAN GRAAD 8 TOT GRAAD 11 DIE GELEENTHEID OM 'N GEBALANSEERDE ERVARING TE HÊ**

- Vuurwapen hantering en -veiligheid
- Roete marsering in die Afrika bos
- Slag en verwerking van vleis
- Plaas aktiwiteite en die hantering daarvan (wild en vee)
- Wildsritte
- Perdry en -versorging
- Slaap onder die sterre en bosveld fliek
- Reptiel kursus (met wye verskeidenheid van diere)
- Basiese noodhulp
- Oorlewings slaap in die bos





**22-28 SEPT 2024**

Berchtesgaden Game Ranch & Farm (Vaalwater)

083 250 7989

veldskool@berchtesgaden.co.za

www.berchtesgaden.co.za

**SLEGS 30 PLEKKE BESKIKBAAR PER KAMP!**